
# 514 Wie staan by die Here?




Nie vir glorie stry ons,
nie vir kroon of palm;
teen die vyand trek ons
op met lied en psalm.
Jesus liefde dring ons
pal by Hom te staan;
waar Hy aanvoer, sal ons
op sy roepstem gaan!

**R.** *Deur u groot genade,*
*deur u liefde vry,*
*staan ons by U, Heiland,*
*staan ons aan u sy!*

Vreeslik storm die vyand,
bitter woed die stryd;
maar die kant van Jesus
seëvier altyd;
sy banier is waarborg,
dat wie Hom bemin,
in die stryd sal volhou,
totdat hy oorwin. ***R.***

Deur u bloed en lyding,
deur u smaad en hoon,
skitter eens juwele
in u koningskroon.
Trek ons met u liefde,
sterk ons meer en meer;
dan juig ons vrymoedig:
"By U staan ons, Heer!" ***R.***

Frances R. Havergal (1836-79) verw. J. Goss (1800-80)